

# Die Sewe Kruiswoorde Van Jesus Christus

## TWEEDE KRUISWOORD: GELOOFSEKERHEID - Lukas 23:43

## MAANDAG:



- **Dink na oor die erediens van Sondag en raak bewus van wat vir jou uitgestaan het.**
- **Memoriseer teks is Lukas 23:43 43 - Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Wat is die omvang van Jesus se belofte aan daardie krimineel? Is dit die hemel of is dit ewige teenwoordigheid van God?**
- **Dink na oor wat dit beteken dat Jesus se uitspraak voor Sy dood en opstanding plaasvind. Wat wil dit ons leer oor Jesus se doel op aarde en Sy outoriteit?**
- **Erken Jesus se Koningskap in gebed oor jou totale lewe. Noem sommer al die fasette wat jy kan.**

## DINSDAG



- **Die gevolg van ons aksies, iets wat dikwels langer uitspeel as die daad self. Watter gevolge van verkeerde aksies het meer gekos as wat jy gedink het? Watter gevolge is jy moontlik steeds besig om te bestuur? Gesels met God hieroor.**
- **Die kriminele, weerskante van Christus, het uiteenlopend gereageer rakende die erkenning van hulle oortredinge. Is daar gewoontes wat jy moet bely, waarin jy so gemaklik bestaan dat jy nie eers meer daaroor dink as verkeerd nie bv. Belasting, Spoed, Omkoopgeld, Veroordeling, Liefdeloosheid ens.**
- **Vra vandag dat die Heilige Gees jou sal ondersoek en na die oppervlak bring wat nie van die Koninkryk is nie.**

## WOENSDAG




- **Die tweede krimineel het sy lot aanvaar, want hy het geweet sy straf is geoorloof. Sy perspektief skuif egter, van 'n wêreldse regstelsel na 'n Goddelike regstelsel. Wat is die bron van jou morele en etiese verwysings (Eie behoud, wêreldse tendense en voorkeure, Goddelike Koninkryksriglyne).**
- **Wat beteken die handhawing van Koninkryksriglyne as etiese en morele merkers vir jou? Is daar opinies wat jy moet verander, perspektiewe wat moet skuif, vergifnis wat moet plaasvind?**

# Donderdag



- Die skares, soldate en die een krimineel het aanhoudend met Jesus die spot gedryf, maar Jesus tree juis op as die gewer van Koninklike verlossing sonder dat die mense rondom Hom besef. Dink na oor die verlossing wat Jesus aanbied nog voordat Hy dood en opgestaan het. Die krimineel sou daardie selfde dag alreeds saam met Jesus wees. Jesus se verlossing was dus dadelik vir elkeen wat Hom aangeneem het.
- As Jesus se verlossing dan reeds dadelik is, van watter sondes is ons nou vry wat ons nie meer hoef voort te sit nie en nou bevry kan word van Bv. Digitale diefstal, Plagiaat, Afhanklikheid, onderduimse handel ens.

# Vrydag



- Dink na oor die omvang van onregverdige vervolging. Jy was moontlik al vals beskuldig. Hoe reageer jy in sulke situasies? Wat leer jy uit Jesus se hantering van Sy onskuldige situasie?
- Pontius Pilatus en die krimineel, hoogste gesag en die straatvlak, het Jesus se onskuld erken en steeds kon Hy nie die onregverdige situasie vermy nie. Jesus het egter nooit die doel, die Wil en Koninkryk van die Vader, voor oë verloor nie en het Hom nie blind gestaar teen die onregverdigheid nie. Is daar plekke in jou lewe waar jy jou blindstaar teen die situasie en jou eie lyding, dat jy moontlik die groter Koninkryk mis? Vra die Heilige Gees vir wysheid en lyding in hierdie geval.

# Saterdag



- Spandeer hierdie dag in die bewustheid dat jy voorberei moet word om ontvanklik te wees vir môre se erediens.
- Vra vir Jesus om die teenwoordige paradys vir jou ervaarbaar te maak en eer Hom daarvoor.
- Dink waarom jy by Sondag se erediens, eer aan God wil bring. Sing in die erediens spesifiek oor daardie redes van lof.